Geagte Klient

Dividend-Weerhoudingsbelasting
In die Begrotingstoespraak het die Minister van Finansies aangekondig dat Dividend-Weerhoudingsbelasting (DWB) vanaf 1 April 2012 ingestel gaan word. Dit sal die huidige Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) vervang. DWB word teen 'n koers van 15% bereken tensy vrystelling van of 'n verminderde koers van toepassing is. Die doel van hierdie kommunikasie is om u van hierdie verandering in te lig, die uitwerking wat dit op u mag hê en die stappe wat u moet neem om ons te verwittig van u huidige belastingstatus.

Die verskil tussen DWB en SBM
SBM is 'n belasting op alle dividend verklarings deur Suid-Afrikaans gevestigde maatskappye, wat op maatskappy-vlak gehef word, waar DWB op begunstigde-vlak ingevorder word. Die doel van die aanpassing is om Suid-Afrika in lyn te bring met beste praktyke in die res van die wêreld, waar die belasting by die begunstigde en nie by die maatskappy gehef word nie.

Administrasie
PSG Securities Limited as die gereguleerde tussenganger sal die DWB terughou en oorbetaal aan SARS. Vanaf 1 April 2012 sal u die bruto dividend ontvang en die 15% DWB op die bruto dividend sal afsonderlik verhaal word tensy u kwalifiseer vir vrystelling of vermindering van DWB en ons in besit is van u verklaring.

Belasbare persone en entiteite sluit in:

- Natuurlike persone (individue): individue sal regstreeks ingevolge die nuwe DWB-wet teen 'n koers van 15% belas word.
- Buitelandse beleggers: buitelandse beleggers sal onderworpe wees aan DWB teen 'n koers van 15%, maar kan vir 'n vermindering in DWB kwalifiseer.

Entiteite wat uitgesluit word van DWT:
- 'n plaaslike maatskappy;
- die Regering, 'n provinsiale administrasie of 'n munisipaliteit;
- 'n publieke weldoenings organisasie soos goedgekeur deur die Kommissaris in terme van artikel 30(3);
- 'n trust soos bepaal in artikel 37A (bv. rehabilitasie trust);
- 'n instansie, raad of liggaam soos bepaal artikel 10(1)(cA) (Bv. Water Raad ens.);
- fonds soos bepaal in artikel 10(1)(d)(i) or (ii) (Pensioen/Voorsorg/UA/Voordele Fonds);
- 'n persoon soos bepaal in artikel 10(1)(t) (CSIR, SANRAL, ARMSCOR, ens.);
- 'n aandeelhouer in 'n geregistreerde mikro besigheid, soos omskryf in die Sesde;
- 'n person wat nie 'n inwoner is en die dividend bepaal is soos vereis in paragraaf (b) van die definisie van 'n 'dividend' in artikel 64D (nie-plaaslike maatskappy genoteer op die JSE).

Verklaringsvorms
Indien die ontvanger van 'n dividend 'n vrygestelde entiteit is of 'n buitelandse belegger is, soos bo genoem, moet hul 'n verklaring aan ons verskaf as die gereguleerde tussenganger. In die afwesigheid van die verklaring word daar van die gereguleerde tussenganger vereis om die 15% DWB terug te hou selfs al is die ontvanger van die dividend vrygestel van DWB of kwalifiseer vir 'n verminderde DWB.

Ons benodig die verklaringsvorm DTD (EX) indien u 'n vrygestelde entiteit is en vorm DTD (RR) indien u 'n buitelandse belegger is wat kwalifiseer vir 'n vermindering. Die vorms is beskikbaar by ons kantoor asook op www.psgonline.co.za. Die oorspronklike vorm moet aan ons gestuur word per pos Posbus 61295, Marshalltown, 2107.

Kontak ons met u navrae
Indien u enige navrae het, of verdere inligting benodig, kontak ons asseblief op 0860 774 774, of e-pos by compliance@psgonline.co.za of gaan na http://www.psgonline.co.za/newsletter/january-trade.php indien u meer wil lees in verband met DWB. Ons dank u vir u voortgesette ondersteuning.

Die uwe
PSG Wealth